DOELTREFFENDE EN EENMALIGE SKRIFTELIK VOORBEREIDING IN GESKIEDENIS, ST. 5 - 8

OPSTELLER: N DREYER
I.v.O. — GESKIEDENIS, T.O.D.

1. Met hierdie voorbereidingsmetode word gepoog om 'n metode daar te stel
   - waarvolgens voorberei KAN word (en nie voorberei MOET word nie).
   - waarvolgens EENMALIG voorberei word;
   - wat IMPLEMENTEERBAAR is want dit is uit praktiese ervaring gebore;
   - wat veral vir die BEGINNERONDERWYSER maar ook vir kollegas wat hulle werk wil verminder, aanbeveel word;
   - wat talle VOORDELE vir die onderwyser inhou soos parate memorandums, bord- en transparentskemas, gedifferensieerde feite, die beplanning van elke onderwerp wat aangebied word;
   - wat GEEN EKSTRA WERK vir die onderwyser inhou nie behalwe dat hy terwyl hy tog voorberei, die feite wat byeengebring is neerskrywe.

   Voorbereiding en beplanning is 'n onskeibare tweeling wat die basis vorm waarop die Geskiedenisonderwyser sukses sal behaal.

2. Die probleme in verband met voorbereiding is legio waarvan die volgende die belangrikste is:

   2.1 Groot dele van die skool Geskiedenissillabusse is glad nie deel van die sillabusse wat aan die Universiteite of Kolleges gevolg word nie.

   2.2 Indien die onderwyser wél 'n sekere tema vir sy graad of diploma bestudeer het, is die benaderingswyse dikwels so dat dit nie vir die aanbieding op skoolvlak geskik is nie.

   2.3 Indien die feite wel **bruikbaar** is vervaag dit met die tyd as dit nie êrens so aangeteken is dat die geheue met 'n vinnige blik weer verfris kan word nie.

   2.4 Omdat die onderwyser op sy geheue staat maak wat ADDISIONELE feite betref, berei hy die basiese feite net uit die klashandboek voor. Dit het tot gevolg dat baie van die feite algaande verlore gaan en dat die onderwyser met die tyd weinig meer aanbied as net dit wat die leerlinge in hul handboek vind.

   2.5 Dat uit ander bronne bygelees word vir breër FEITEKENNIS maar dat dit nêrens funksioneel vasgelê word nie en die volgende jaar en daaropvolgende jare telkens **weer** opgelees moet word.

   2.6 Dat die interessante LEWE en AGTERGROND waarteen geskiedenis afspeel NIE opgelees word nie, of indien dit wél gelees word, andermaal nie aangeteken is om weer te gebruik nie. Hier word onder andere verwys na die breër bespreking van sekere gebeure of die intensiewe ontleding daarvan (dieptestudie) bv. van 'n veldslag of interessante agtergrondgeskiedenis. Die agtergrondsfeite help om liefde vir en belang in die vak Geskiedenis uit te bou.

   2.7 Dat die onderwysers aanvaar dat hulle die geskiedenis ken, maar dan beteken dit net die hoofgebeure. Niemand kan **alle** interessante feite en dies meer **permanent** memoriseer nie —

hoeveel Engelse was in die slag van Congella betrokke; uit hoeveel lede het die "Wacht der Ouden" bestaan; hoeveel Engelse is gedood en gewond; hoeveel kanonne is gebuit; op watter datum vind die slag plaas; hoe lank het die geveg geduur; hoeveel geneeshere het die Trekkers en die Engelse onderskeidelik gehad; ens. ens.?

L.W. Die agtergrondfeite (waar van toepassing) word NIE gedurende die aanbieding gebruik met die oog op MEMORISERING nie, dit is bedoel om die aanbieding interessanter te maak, vir beter begrip en terwille van die chronologie van die gebeure (datums) sodat die leerlinge besef dat die gebeure (feite) nie los staan van die gewone lewe van mense EN ander aanverwante gebeure nie. Geen verhaal of vertelling word net op droë feite gebou nie, maar boei en slaag juis deur die byvoeging van aanverwante feite, gebeure en interessanthede asook staaltjies, anekdotes, grappies, humor, ens.

Om die relevante feite wat gememoriseer moet word uit te lig, word gedurende die INTERESSANTE en BREËR aanbieding 'n **skema op die skryfbord opgebou, of gebruik gemaak van 'n transparantskema.**

As gevolg van die genoemde probleme word die volgende in die praktyk gevind:

Dat die onderwyser nie voorberei nie of periodiek nie voorberei nie; geen SKRIFTELIKE voorbereiding het nie; die leerlingopdragte self voltooi en dit as voorbereiding beskou óf 'n goeie opdragantwoordeboek van een van die leerlinge gebruik as voorbereiding; net die hoofpunte van 'n les soos in 'n bordskema neerskryf wat as sy voorbereiding dien; dat die voorbereiding net bestaan uit lang vrae wat vir die leerlinge uitgewerk is wat glad nie die leergang dek nie en gewoonlik net eksamengerig is; maar ook dat voorbereiding die integrering is van verskeie handboeke in OPSTELVORM; op 'n doeltreffende en volledige geskematiseerde wyse gedoen word (of telegramstyl); dat 'n verskeidenheid ander AANVAARBARE maniere van skriftelike voorbereiding gebruik word.

3. Wat is die vereistes van 'n doeltreffende voorbereiding? 'n Doeltreffende voorbereiding word
   - eenmalig gedoen
   - deur **verskeie** bronne te integreer
   - ten opsigte van sowel feite as verhale, anekdotes, staaltjies, ens. Dit word gedoen in
   - 'n geskematiseerde vorm
   - wat 'n duidelike sisteem bevat sodat
   - dit duidelik sal wees watter feite belangrik en watter feite algaande minder belangrik is (differensiasie). Daar word gebruik gemaak van
   - woorde en verkieslik **een**-reël sinne (en/of die telegramstyl)
   - waarby altyd nuwe feite bygevoeg kan word. Die voorbereiding moet
   - so duidelik gedoen wees dat die onderwyser enkel en alleen met die gebruik daarvan (selfs met 'n jaarlange onderbreking in die aanbieding)
   - is so 'n kort tyd as moontlik
   - weer heeltemal paraat voorbereid sal wees om sy lesse aan te bied.

4. Hoe tree 'n voorbereide onderwyser op?

   'n Voorbereide onderwyser het:
   - die feite en
   - byvertellings gemomoriseer en
   - beheers die deel van die geskiedenis sodat hy
   - sy aantekeninge/voorbereiding so min as moontlik gedurende die aanbieding sal gebruik en
   - die les so onderhoudend
   - sistematies en
   - boeiend as moontlik sal kan aanbied met die gebruik van
   - die nodige hulpmiddele soos VERAL 'n skriftelike skematisering van die relevante feitekennis op die skryfbord/transparant en die gebruik van die tydlyn en nodige kaarte.
   - Hy betrek die leerlinge by die lessituasie en beplan sinvolle leerlingaktiwiteite.

5. Hoe word so 'n voorbereiding saamgestel?

   Die tydsduur vir die finale "afhandeling" van voorbereiding hang af van die aantal standerds waarvoor 'n onderwyser verantwoordelik is. As 'n onderwyser vir drie of vier standerds verantwoordelik is kan hy soos volg te werk gaan:

   Die voorbereiding van 'n sekere onderwerp word op twee langs mekaar liggende bladsye gedoen. Party onderwysers verkies 'n ringlêer waarin los bladsye ingevoeg kan word en waarin ook transparante, prente, ens. bygehou kan word.

   Ander vind dit makliker om van 'n A4-grootte skrif gebruik te maak (byvoorbeeld item nr. A25 of kat. nr. 1022664) want dit sal
   - die probleem van los bladsye wat uit die gaatjies losskeur oplos en
   - meer hanteerbaar wees omdat net die EEN betrokke skrif waarin 'n lesvoorbereiding voorkom hoef saamgedra te word.

   Die twee bladsye word in drie afdelings verdeel deur omtrent 6cm van regs op die regterkantste bladsy 'n vertikale lyn oor die lengte van die bladsy te trek. Ter wille van die bespreking en gerieflikheidshalwe word die drie afdelings A, B en C genoem. Die linkerdeel van die regterkantste bladsy is A, die deel regs van die lyn wat getrek is, is B en die linkerbladsy is C. (kyk voorbeeld 2). Linkshandiges kan die bladsye omruil.

   Die maklikste bron om uit voor te berei is die klashandboek MAAR omdat dit baie belangrik is dat die onderwyser altyd MEER MOET WEET as wat in die klashandboek wat die leerlinge gebruik aangeteken is, behoort die aanvangsvoorbereiding dus uit te gaan van die klashandboek, AANGEVUL deur MINSTENS EEN ander boek. Die maklikste om in dié geval te gebruik sal 'n **ander** klashandboek wees wat deur die TOD vir die betrokke standerd goedgekeur is. Die eerste stap sal dan wees om die **totaal** van die feite van die twee (of meer) bronne in 'n **geskematiseerde** vorm saam te vat (kyk voorbeld 1). Baie aandag moet veral aan die feite in die eerste kolom gegee word wat die sleutelwoorde, kapstokke of leidende woorde en begrippe is. Dié woorde (of reëls) moet op sigself 'n verhaal vertel wat uit stappe bestaan. As dit nie 'n logiese opeenvolging van gebeure is wat duidelik verstaanbaar is nie, dan is nie die regte keuse gemaak nie. Met die gebruik van die skema in die klassituasie word die

onderwysers soms nog bewus van onduidelikhede in die skema wat dan dadelik reggestel en verbeter of aangevul behoort te word.

Die drie kolomme kan goed gebruik word vir die doel van differensiasie. Hoe meer begaafd die leerling is, hoe verder sal hy na die regse kolom kan vorder. Die sleutelwoorde en die verhaal daaromheen behoort aan die leerlinge ongeveer 35% te gee en in staat te stel om die toets te slaag. Die tweede kolom en die geskiedenis daaromheen behoort die leerlinge op ongeveer 70% te bring en die derde kolom wat 'n verdere uitbouing van die feite bevat sal sorg vir die verdere punte. (Vir 'n ander metode van skematisering kyk voorbeeld 2.)

Van die feite wat nou reeds aangeteken is (voorbereiding), is sommiges van meer belang as ander (vir die betrokke standerd) en kan hulle nou uitgelig word deur die feite te **onderstreep**.

Dit is hierdie onderstreepte feite wat gebruik kan word in die aanbieding en wat weer gekondenseer word om 'n bord- of transparantskema op te stel. (Kyk diagram.) Hierdie eerste voorbereiding word algaande deur die jaar **per onderwerp** gedoen. Dit is verkiesliker dat byvoorbeeld Luther as onderwerp voorberei word (en nie **per gedeelte** daarvan wat net vir 'n les voldoende is nie) omdat die onderwyser dan 'n beter begrip sal hê en sal weet wat om te beklemtoon as hy die onderwerp as 'n geheel voorberei en beheers.

Die **daaropvolgende jaar** behoort die voorbereiding (per les) verder uitgebou te word en word minstens een verdere boek van 'n hoër standaard byvoorbeeld 'n handboek wat vir st. 9 en 10 deur die TOD voorgeskryf is, of boeke soos "Van Van Riebeeck tot Vorster", "Geskiedenis van Suid-Afrika", "500 Jaar S.A. Geskiedenis" gebruik. Addisionele feite word nou in die skema ingevoeg en indien daar nie die nodige ruimte is nie word op die betrokke plek in die skema 'n verwysingskode gevoeg (byvoorbeeld B1) en word die feite in die 6cm breë ruimte aan die regterkant van die bladsy onder dieselfde nommer (B1) ingeskrywe. Verdere byvoegings word dan B2, B3 ens. genommer. Hierdie verdere feite word met die memorisering in die skema ingelees (kyk voorbeeld 2).

Die linkerbladsy moet nog gebruik word en dit is daar waar die feite geteken word wat die vak interessant maak en baie bydra tot die begrip van die lewe om die geskiedenis en wat ook grotendeels bydra tot die liefde vir die vak.

Gedurende die voorbereiding in die **derde jaar** word veral aan hierdie belangrike faset aandag gegee (alhoewel die bladsy ook gedurende die vorige twee jaar gebruik is). Nou word meer agtergrondsfeite versamel van byvoorbeeld 'n sekere veldslag, 'n sketskaart daarvan bygevoeg, 'n staaltjie of beskrywing van 'n sekere interessante gebeure aangeteken, van 'n anekdote of grappie wat in dié verband plaasgevind het. Hier word ook 'n interessante inleiding tot die les aangestip wat tot die begrip en sukses van die aanbieding kan bydra.

Die bykomende feite word gelees en dan word die bruikbare gegewens in **telegramstyl** in die voorbereiding ingeskrywe deur ook 'n verwysingskode in die skema (in Afdeling A) by te voeg wat verwys na die byvoeging in afdeling C, byvoorbeeld C1, C2 ens. (Kyk voorbeeld 2.) Om net na 'n interessante feit of bespreking te verwys deur die naam van die boek en bladsynommer neer te skrywe of te verwys na 'n tydskrif of uitknipsel, beteken dat die betrokke bron telkens gesoek en herlees moet word MAAR as die bruikbare dele in die voorbereiding integreer is, is dit 'n **eenmalige** taak.

Indien die onderwyser vir minder standerds verantwoordelik is kan die wyse van voorbereiding soos hier bo beskrywe in twee of selfs een jaar gedoen en "afgehandel" word.

Dit kom dus daarop neer dat die **skriftelike** voorbereiding vir st. 5 - 8 in ongeveer drie jaar "afgehandel" behoort te wees. Dan is geen verdere groot **skriftelike** voorbereiding weer nodig nie, **behalwe** die periodieke byvoeging van dit en dat wat die onderwyser in artikels en boeke algaande raakloop wat sy voorbereiding kan verbeter en verder kan uitbou.

Hierdie skriftelike voorbereiding gedoen vir die junior sekondêre fase kan ook vir die senior sekondêre klasse gebruik word deur net die nodige feite by te voeg wat dan nodig sal wees.

Hierdie skriftelike voorbereidingsmetode is veral geskik vir die geesteswetenskaplike vakke.



VOORBEELD 1

Onderwerp: Die rol van Martin Luther

1. Jeug:

Duitser	Heilige Romeinse Ryk Karel X
Gebore Eisleben	1483
Arm	Vader: boer/mynwerker
Sing en bedel vir geld	

2. Studie:

Eisenach	Maagdenburg, Mansfeld
Universiteit van Erfurt	Hulp v. edelvrou Cotta Studie in regte (vadersbegeerte) M.S. Wysbegeerte
Bedruk oor sondes	
Weerligstraal	Vriend Alexius

3. Kloostertyd:

Augustynse klooster te Erfurt	
Vinnige opgang	Boetedoening en goeie werke. Monnik en Priester
Geen sielerus	**Nuwe insigte** Habakuk 2:4 Romeine 1:16, 17 Geloof, berou, liefde, genade

4. Na universiteit:

Keurvors Frederik v. Sakse	
Universiteit van Wittenberg	Prof. in Wysbegeerte
Steeds belang in teologie	**Doktor** in teologie
Gedurig twyfel oor geloof	
Lesings oor nuwe idees	**Bybel belangrik** **Twee sakramente**
Wil net kerk hervorm	

5. Na Rome:
   Afgevaardig deur Augustynse kloosterorde.
   Hoë verwagtings
   Geskok deur lewe v. geestelikes
   Ontken: Pous en Kardinale kan sondes vergewe
   Redding deur bieg, vas en boetedoening

6. **Aflaatstelsel;**
   Ingestel (1513)
   Pous Leon X wil St. Pieterskerk voltooi
   Monnik Tetsel verkoop aflaatbriewe te Wittenberg (1517)

7. 95 Stellings:
   Besware op kerkdeur van Wittenberg (Latyn) 31 Oktober 1517
   Gou in Duits vertaal
   Versprei

8. Breuk met kerk:

9. Verhore:

10. ● Hierdie skematisering bevat feite uit drie skoolhandboeke.
    ● Voorbereiding op die wyse gedoen kan ook dien as —
    ● hulp vir die saamstel van 'n werkskema;
    ● skryfbord- en transparantskemas;
    ● hulp by die kontrolering van die leerinhoud;
    ● memorandums;
    ● wyse om te differensieer;
    ● 'n tipe huiswerkopdrag: Leerlinge ontvang die sleutelwoorde of sinne aan die hand waarvan verder skematiseer word;
    ● 'n skema waaruit leerlinge kan studeer voor toetse en eksamens;
    ● as hulpmiddel om 'n leerling of 'n hele klas op datum te bring as die werk agter raak.

VOORBEELD 2

C1. **Hersiening** (opsioneel)

1. **Britse houding teen Voortrekker onafhanklikheid**

   1.1 **Voor stigting van Natalia**
   1836 Strafwet — Cape of Good Hope Punishment Act.
   Britse regsprekende gesag tot 25° SB
   (1837) Weier onafhanklikheid erken
   1838 ● Proklamasie — moet na Kaap terugkeer
   ● Sending na Natal — haal slawe
   ● Verbied uitvoer van buskruit en vuurwapens. Nie sukses — smokkelhandel, groot voorrade
   ● Dreig Kapenaars — optree as Trekkers teen Zoeloes help.
   ● Beset Port Natal (16 Des.). Maj. Charters. Sluit hawe en handel.
   Vertrek (1839) — beleid na 1815 teen uitbreiding.

   1.2 **Na stigting van Natalia**
   Weier onafhanklikheid van Natalia erken
   Besetting van Natalia.

ONDERWERP: Die Britse regering en die Republiek Natalia (vers.)

C1. A

2. **REDES Vir Britse besetting**

   2.1 **Strategies** (Belangrikste)
   Besoek van vreemde skepe
   Levant — V.S.A. — 1841
   Brazilia — Ndl — 1842
   Smellekamp belowe "hulp"
   Kaapse roete belangrik
   Brittanje vrees kompetisie

   2.2 t8Ekonomies
   Handel: Kaapse handelaars vrees mededinging
   Steenkool: (1838) 96 km. vanaf Port Natal
   Waarde vir skeepvaart na Indië (B1)
   Katoen: Waarde vir Britse fabrieke

   2.3 **Politiek**
   Rol van goeweneur Napier (1838-1844)
   Wou Natal beset
   Vader van kolonie Natal genoem
   Oneervol om eie onderdane onafhanklik te verklaar (prestige)
   Klagtes van Faku teen reservaat tussen Umzimvubu en Umtamvuna (B2)
   Gevaar van onrus op Kaapse grens
   a.g.v. reservaat

   2.4 **Filantropies**
   Trekkers beskuldig — verslaaf en mishandel swartes (B3)
   Strafekspedisie teen Bakas
   (Hersien les i.s. Swartbeleid).

B1. Eerste stoomskip, die Enterprise om Kaap, 1825.

B2. Beweer dis sy gebied.

B3. "Omdat hulle die beginsel van reg en menslikheid nie besit nie."

VOORBEELD 2 (vervolg)

C1. **Opdrag van die Volksraad**
Pretorius moes probeer om "zoveel mogenlik hun opmars te verhinderen en te belemmeren, 'tsy door 'n posisie van defensie in te neem, hun trekvee te veroveren, of op alle andere manieren hun te zoeken tot de trugtocht en noodzaken" (A. Pretorius, bl. 189).
Vir instruksies aan kmdt. genl. Pretorius kyk
- Voortrekkerwetgewing 1839-1845 bl. 208, 209 óf
- Voortrekkerargiefstukke 1829-1849 (R96/42) bl. 171.

C2. Kongella Kongela Kongelani/Kongela
Kongela was wagpos van Tsjaka — beskerm teen Boesman veediewe. Tsjaka sou aan wag gesê het: Kongelani (kyk uit/Kongela (kyk) smakengane = pasop die vaebonde.

C3. Enkele myle vanaf Kongella, Smith se kamp — eerste botsing en skoot toe Trekkers ongeveer ½ van Britse osse afneem. Smith besluit boerelaer aanval — 23 Mei. Ongeveer 140 man, 2 kanonne, 2 muilwaens met ammunisie — trek oor sand — wil verras — maan kom op — "wacht der Ouden" bespeur Engelse — waarsku Pretorius. Engelse onder skoot — 30 "ander" skiet — veral asse om kanonne te kry — gewondes skep verwarring — Engelse stel kanonne op — skoot — skadeloos oor Trekkers. Engelse infanterie in aksie, kleingeweervuur — gety kom in — party gewondes in water. Eng. stel aan kanonne — ploeg grond voor Trekkers om. Geweervuur sny noem-noem takkies af — val op Trekkerhoede. Eng. trek terug — baie deur water — soms tot borshoogte — laat kanonne — geveg duur 40 min. Trekkers versorg gewondes — twee geneeshere — per wa na Engelse kamp onder wit vlag. Stuur later dooies sodat met eerbewyse begrawe. Smith getuig Trekkers het gewondes met menslikheid behandel. (Kyk kaart volgende bl.)

L.W. 'n Besoek aan die Ou Fort Durban word aanbeveel. Die park is uitgelê op die slagveld van Kongella. (Vgl. program oor SAUK TV "Mid Week" 10 Okt. 1979.)



KAPT. SMITH SE BEKRUIP.

3. **Eerste Britse optrede**
Pondohoof Faku — vriend van Trekkers
Sendelinge beweeg hom om beskerming te vra
Napier stuur kapt. Thomas Smith (Mei 1841) met soldate om Rep. dop te hou. (B1)

B1. Vestig te Umgazi beskerm Pondos — 11 maande.

4. **Die besetting**
Opdrag van kapt. Smith ± 250 man.
Hys vlag in Port Natal (Mei) 1842 (B2) C1)

B2. Vertrek 1.4.1842. Trekkers bewus v. sy bewegings — Smith moes deur vol riviere, bosse, driwwe — ideaal vir Pretorius om hom te keer — hou net dop — (vgl. opd. reg.) — na 34 dae in Port N.

5. **Natalia tree op teen Britse besetting**
Volksraad besluit Britte te verjaag.
Pretorius kmdt.-genl.
Na Port Natal — kamp te Kongella (C2)
Smith trek op (23 Mei) — oor sand
Boerewag. Oorwinning vir Pretorius (C3) 17 Eng. dood, 31 gewond, verloor 2 kanonne (C3)
Smith beleër, 34 dae-slag perde — 1/4 rantsoen.

6. **Dick King en ontsetting van Britse magte:**
King en Zoeloe Ndongeni ontsnap — boot. 2 perde, 10 dae, 960 km. na Grahamstown.
Skepe Couch en Southampton -versterkings aankoms (26 Junie) onder Kol. Josias Cloete
Trekkers nie bestand — oormag — skeepskanon
Volksraad gee oor (Julie 1842)
Redes' Burgers - families en eiendom beskerm
— Hoop besetting tydelik soos 1838
— Hoop sou selfbestuur ontvang
— Hoop Nederland sal hulp verleen.

7. **Natalia word 'n Britse kolonie**
Eie optrede v. Napier. Brit. vra onttrek — weier — probeer tot sienswyse oorhaal.
Brit. gee toe (Mei) 1842) — proklameer Br. kolonie.
Adv. Henry Cloete (broer v. Josias) na Natal
Volksraad kan voorlopig bly regeer (B1)
Voorwaardes:
- Gelykheid van rasse voor wet
- Geen kommando teen Swartes
- Geen slawerny

Inwoners ontevrede — gelykstellingsbeleid
Verklaring van vroue (B2) (mev. Erasmus Smit)
Liewer kaalvoet oor berge
Baie dadelik land verlaat.

B1. Volksraad stel ontwerp grondwet op met verkose Weg. verg. van 12 lede, geskoei op republikeinse lees met inagneming v. feit dat Natal Br. kolonie geword het.

B2. 400 vroue.

8. **Natal 1843 - 1848. Weer 'n trek. Redes.**